

## BOEKBESPREKINGS

*Kingsley Fairbridge: his Life and Verse*. (Rhodesiana Reprint Library, Vol. Thirty-Four) Bulawayo, 1974. In Two Parts (246 pp. and 117 pp.).

According to the title page, this is a reprint of the 1927 edition of *The Autobiography of Kingsley Fairbridge*, with additional text and new illustrations; and selections from the 1909 and 1928 editions of his *Veld Verse*. The emphasis on *reprint* could well be misleading. The volume is, in fact, much more than that. The additional text, roughly 30 pages, has been taken from the hand-written manuscript, uncovered at the National Archives of Rhodesia. Not only have extra paragraphs been inserted in various chapters but a new Chapter VII and the renumbering of the succeeding chapters have resulted as well. The original Preface and Epilogue by L. S. Amery and Sir Arthur Lawley respectively have been replaced by a Publishers' Introduction, Fairbridge's own manuscript Preface, and an Epilogue, which is really a synopsis of *Pinjarra* by Fairbridge's wife, published in 1937. The Appendix includes a full report of Fairbridge's Address to the Colonial Club at Oxford in 1909, which launched the Child Emigration Society.

The poems included in the second part are a selection from the two editions of *Veld Verse*, augmented by at least half a dozen others, one of them the hitherto unpublished *On the Veld : The Path*. Noel Brettell, himself a Rhodesian poet, has written the Foreword to this part, a valuable assessment of Fairbridge's verse, and one of Brettell's own poems (written "for the fly-leaf of Kingsley Fairbridge's 'Autobiography'") opens the volume.

Cast in a new form them, three of Fairbridge's published works constitute a valuable piece of Africana for both the general and the literary historian. To commemorate the fiftieth anniversary of Fairbridge's death, it is dedicated to the Rhodesia Pioneers' and Early Settlers' Society and honours Rhodesian pioneers. Brettell regards Fairbridge as "essentially — and narrowly — a Rhodesian". Yet Fairbridge has earned a place for himself in the *Dictionary of South African Biography*. Born in Grahamstown, of South African parents, he became acquainted with pioneering ways through extensive travels with his father, a land-surveyor, even before he moved to Rhodesia, with the family, at the age of 11. As a Rhodes scholar, he "pioneered" the Child Emigration Scheme, conceived by him in his adolescence. Writing for relaxation he was, in a sense, a pioneer in his verse too. Obviously accustomed to traditional metres, he occasionally did try out others. His themes and imagery are those of the pioneer. The tongues of Southern Africa are echoed in his diction and rhythms. Nobody has used Bantu and Afrikaans words more readily in his verse, sometimes without glossary or foot-notes to elucidate them. Whole Bantu and Afrikaans sentences are incorporated in his verse:

"Yowe, yowe, mwanango duku!" (*Burial*);

"Vat, alle kerels — vat!

Mak go, you schelms go!" (*The Ploughman*).

The Afrikaans, indeed, looks crude, but such lines embody both linguistic and literary history. Afrikaans had not yet become an official language, and its spelling was not yet standardised. Yet to an English versifier its words seemed vital and vivid enough for poetic expression, even though they were sometimes naively used.

N. G. Sabbagha  
University of Pretoria

C. M. Bakkes: *Die Britse Deurbraak aan die Benede-Tugela op Majubadag 1900*. Publikasie No. 3, Sentrale Dokumentasiesentrum, S.A. Weermag, Staatsdrukker, Pretoria, 1973. R15,00.

Hierdie werk is oorspronklik in 1971 as doktorsale proefskrif in die departement van Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria ingehandig. Dr. Bakkes was jarelank dosent in die Krygsgeskiedenis aan die Militêre Akademie en is tans direkteur van die Geskiedenisinstituut van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Die oes aan wetenskaplike studies in Afrikaans oor die Anglo-Boereoorlog is maar skraal. Juis hierom moet elke sodanige poging om op objektiewe en onbevange wyse rekenskap te gee van betekenisvolle fasette van die oorlog verwelkom te word.

Hierdie werk bestryk 'n tydperk van slegs 33 uur uit die Anglo-Boereoorlog en sentreer om genl. Buller se vierde deurbraak-poging aan die Natalse front met die doel om Ladysmith te ontset. Die gemelde 33 uur was egter deurslaggewend met betrekking tot die verdere verloop van die oorlog. Die slag by Pietershoogte is uit historiografiese oogpunt een van die mees onbeskrewe veldslae van die hele oorlog, maar uit krygskundig-historiese standpunt seker een van die allerbelangrikste. Die Britse deurbraak hier het nie alleen die stellingoorlog aan die Benede-Tugela beëindig nie, maar ook die toneel help voorberei vir die bewegingskryg waardeur die Boere se weerstand met meer as twee jaar verleng is. Geen wonder dat dr. Bakkes hierdie veldslag in betekenis gelyk stel met dié van Duinkerken tydens die Tweede Wêreldoorlog nie.

Die tema is dus uniek en verg nie alleen historiese vaardigheid nie, maar eis ook sekere krygskundige kennis en opleiding. Die skrywer laat volle reg aan albei hierdie vereistes geskied. Hoewel die werk verder in die eerste plek as wetenskaplike dissertasie bedoel is en daarom eerder vir akademiese konsumpsie as vir 'n populêre leserskorps bedoel is, lees dit nogtans gemaklik en kan dit selfs in heelwat gevalle met ons romankultuur meeding. Dr. Bakkes het sy hand gelê op haas elke toeganklike bron in Suid-Afrika en ook oorsee en dit met kundigheid ondersoek. In hierdie proses kom die historiese kritiek grootliks tot sy reg: bronne word krities geanaliseer en geëvalueer; waarheid word van verdigsel en legende geskei; daar word vergelyk en gekontrasteer om sodoende tot groter waarheid te geraak.

Dr. Bakkes beheers 'n magdom gegewens suksesvol en sintetiseer dit op logiese en sinvolle wyse. In hierdie proses lê hy nogal heelwat historiese verbeelding aan die dag. So kan bv. verwys word na die rekonstruksie van terrein en veldslag en veral daardie laaste Boere-krygsraad wat 'n treffende voorbeeld van deurleefde geskiedenis is. Die slothoofstuk, wat 'n evaluering van die militêre-historiese situasie is, onderstreep in meer as een opsig die skrywer se vermoë om analities te werk te gaan en om 'n bepaalde situasie in samehang met sy onderdele uit homself en ter wille van homself te begryp. Dit spreek treffend van die besonke oordeel wat soms in ons plaaslike historiese werke ontbreek.

Die toeliggende kaarte is keurig, duidelik en ter sake. Met enkele uitsonderinge is die werk ook taalkundig en stilisties van 'n hoë keur.

By wyse van kritiek kan sekere aspekte bevraagteken word. 'n Mens stem sekerlik nie saam met ál dr. Bakkes se uitsprake nie. Daar word bv. 'n aansienlike mate van historiese gesag aan L. S. Amery se gevolgtrekkings toegedig. In die lig van gebreke in sekere ander dele van dieselfde werk van Amery kom die vraag onwillekeurig op of die skrywer Amery darem nie te hoog aanslaan nie. Daarby moet die feit gelees word dat dr. Bakkes taamlik skerp

in sy oordeel oor Maurice (wie se amptelike Britse geskiedenis van die oorlog reeds in 1907 gepubliseer is) is en hom op ietwat onbillike wyse oor die kole haal omdat hy in gebreke bly om “ ’n antwoord te verstrek op die finale vrae” van die betrokke veldslag.

Soms word interessante bewerings gemaak wat egter nie op stewige bewysgronde berus nie, bv. op p. 3 waar, sonder aanduiding van bronne, beweerd word dat die Boere “verwag” het dat die Britse krygsleiding Majubadag nie “onbenut” verby sou laat gaan nie. Dit gaan hier meer om ’n populêre opvatting as ’n historiese feit en die enkele aanhaling (op p. 8) uit ’n soldate-dagboek is meer getuieis van bravade as bevestiging vir bogenoemde bewering. Op p. 12 lees dit weer: “Die skerp afgebyte blaf van ’n eerste kanonskoot moes genl. Buller daarvan bewus gemaak het dat ’n dag waarop sy ganse militêre loopbaan op die spel geplaas is, vir hom aangebreek het”. Ook hier haper dit aan afdoende bewys — die aanhaling uit Churchill het meer betrekking op die hele Natalse leërafdeling as net op Buller.

Ten opsigte van tegniek staan die werk sterk en dis versorg in ooreenstemming met die voorskrifte wat deur die Argiefkommissie aanvaar is. Maar laat ’n mens dit onmiddellik hier stel: hoe gouer die voorskrifte heroorweeg word, hoe beter gaan dit vir ons historiese metodiek wees. Die onnodige herhaling van bronne in voetnote dui myns insiens op ’n omslagtigheid wat aan die onwetenskaplike grens. ’n Mens merk in die tegniese versorging ook te veel oorbodige verduidelikings tussen hakies op, veral waar die militêre tydsaanduiding (wat tans tog oral aanvaar word) telkemale met die burgerlike verduidelik word. Verder: op p. 10 lees ons “twaalfponders (skeepskanonne)”, maar op p. 11 is dit weer “skeepstwaalfponders” en later word dit “skeepskanonne (12-ponder)”. Waar dit ook aanvanklik slegs ’n “Creusot-kanon” is, word dit op p. 19 “ ’n Franse kanon (Creusot)”.

Hierdie opmerkinge ten spyte, bly die finale produk in sy geheel ’n werk van hoë gehalte en puik historiese vakmanskap. Daarby ’n “verhaal” vol prikkelende en stimulerende gedagtes en pakkende hoofstuk-betitelings.

Die besondere verdienste van die werk lê *eerstens* in die unieke tema wat ’n verrykking van die bestaande historiese lektuur oor die Anglo-Boereoorlog is; *tweedens* in die bedrewe historiese vakmanskap ten opsigte van ’n veeleisende taak, en *derdens* in die sinvolle daarstellingswyse en rekonstruksie van ’n betekenisvolle veldslag.

Die Dokumentasiesentrum moet geluk gewens word met die publikasie van navorsing van hierdie gehalte. Juis daarom sal ’n mens wil sien dat dr. Bakkes se werk ’n veel breër leserskring vind as wat dit op die oog af hier (teen so ’n hoë prys!) wil lyk. Die historiese wêreld sien beslis vooruit na die volgende aflewering in hierdie verdienstelike reeks.

A. P. J. van Rensburg  
Universiteit van Pretoria

P. J. Coertze (red.): *Suid-Afrika binne Afrika-verband*. Pp. 194, Kaapstad, H.A.U.M., 1973, R4,50.

Hierdie boek is sterk uitgegee, hanteer maklik en die lettertipe is net reg; dus die mees geskikte benadering betreffende ’n werk wat kennelik as ’n handboek bedoel is. Daarby bevat dit talle kaarte en tabelle, ’n bibliografie aan die einde van byna elk van die uiteenlopende tien hoofstukke asook, in enkele gevalle, voetnote of verwysings. Die hoë mate waarin van kantopskrifte, kleiner groeperings of ’n numeriese onderverdeling gebruik gemaak is, tref die leser. Dit is egter

nie steurend nie en versnipper ook nie die geheel van 'n hoofstuk of die eenheid van die boek as sodanig nie. Dat 'n register ontbreek, is in hierdie geval nie juis 'n leemte nie.

Die bydrae is nie in die eerste plek vir die historikus bedoel nie, maar dit word aanbeveel dat lesers van boeke oor Afrika die publikasie in kwessie hanteer. Dit verskaf waardevolle agtergrondmateriaal waarteen die ontwikkeling van Afrika, oor lang tydperke, bekyk kan word. Daarna behoort veral bepaalde geskiedkundige ontvouings meer begryplik te wees.

In die onderskeie hoofstukke word Afrika en Suid-Afrika argeologies bekyk (J. F. Eloff), raskundig en etnies-histories (R. D. Coertze), in taleverband (P. S. Groenewald), geografies — veral dan ten opsigte van sy ontwikkelingsmooitlikhede (P. Smit) asook die gesondheid en siekte van die mens (H. W. Snyman). Die kontinent se diersiektes word ontleed (B. C. Jansen), die hulpbronne (P. S. Rautenbach), die plantegroei (H. P. van der Schijff), die geologie (D. J. S. Visser) en dan die algemeen dierkundige (F. C. Eloff).

Die Universiteit van Pretoria word hartlik geluk gewens met hierdie benadering om verskillende vaklui oor 'n bepaalde aangeleentheid saam te laat besin en die voordragte daarna te bundel. Sodoende kom akademiese besonderhede ook onder ander se aandag en beskik 'n student oor 'n vry volledige indruk rakende die onderwerp.

Sommige artikels is meer indringend as ander geskryf sodat die boek nie in elke geval akademies ewe sterk staan nie. Dit val ook op dat die betrokke vaklui swaar op ander navorsers se resultate steun en selfs versigtig is om sterk eie menings uit te spreek. Dit benadeel egter nie die algemene bruikbaarheid van die materiaal nie.

Dat prof. Coertze as redakteur in die Voorwoord na 'n opvolgpublikasie verwys, waarin dit om die mens as sodanig gaan, word verwelkom. Sulke beplande, aaneensluitende navorsing by dieselfde universiteit getuig van wetenskaplike visie.

M. J. Swart  
Universiteit van Port Elizabeth

John Fisher: *Paul Kruger; his life and times*. Secker & Warburg, 1974. Pp. 278. R7,50.

Paul Kruger, four times elected President of the South African Republic, was during the last twenty years of the 19th century the most conspicuous figure in the history of South Africa. Indeed, for most of that time his life and his acts may be said to have constituted the history of South Africa. And during this time, in his anti-colonialist struggle, he made the first dent in the hitherto all-powerful British Empire.

John Fisher, author of *The Afrikaners* and *That Miss Hobhouse*, in this book brings vividly to life the strange, almost Biblical figure of Paul Kruger, who was born a British subject, but in his later life successfully defied British statesmen and generals for nearly a quarter of a century in which he dominated the South African scene.

The high note of scholarship and splendid journalism is set in the opening lines of the book: "As a boy he herded cows. His schooldays were over in three months." Kruger is shown as a boy in the Great Trek, as a gifted athlete, as a great hunter whose feats were legend, as family man, warrior, President, patriot, and inspirer of his people. The man who gave his nation its soul.

Here he is portrayed against the rich, living background of South African politics, and the rival themes of a gigantic pastoral conservatism and the onrush of industrial progress which began, in his period of political labour and triumph, to gather force in his beloved Transvaal.

Kruger lived in a time of great need and great travail. He led his people proudly and he led them into more than one lost cause. He died in exile, in an hour of sorrow and defeat. In spite he rose again when his people reconstructed their national life after the Anglo Boer War.

John Fisher has written on all these things. He has written wisely, producing a wealth of relevant detail which is woven into the broad texture, the panorama of over eighty years of stirring history. Through the book stalk many strange and fascinating characters: Theophilus Shepstone, Marthinus Pretorius, Cecil Rhodes, Willem Leyds, Jan Brand, Marthinus Steyn, Leander Jameson, Lionel Phillips, Alfred Milner, Jan Smuts, Louis Botha, Christiaan de Wet, Moshesh I, Sekukuni, Boer Commandants and burghers who fought the strangest war on earth.

The author writes with candour but innate sympathy of the greatest leader the Boers ever had — the “Boer of all Boers” as Hillegas typified him. Sometimes, however, he allows himself to be lead astray by quoting myths and legends which harm the otherwise high standard of his work, i.e. on page 11 where he repeats the legend of how Kruger was once tempted to sin with an attractive native girl. I would also like to see “Voortrekkers” being written with a capital letter.

These minor points of criticism apart, John Fisher's work is a wonderful and inspiring story, admirably told. It is written so well, so dramatically that it reads like a novel, although the authenticity of Fisher's facts stands beyond question and is derived from an impressive list of reliable works, both in Afrikaans and in English. I am convinced that this book on Paul Kruger will take its place among the few really outstanding works in English on Boer leaders.

A. P. J. van Rensburg  
University of Pretoria

Spohr, dr. O. H. (red.): *Ferdinand Krauss, Travel Journal/Cape to Zululand, observations by a collector and naturalist, 1838-1840*; pp. vi-90, ill. Kaapstad, A. A. Balkema, 1973. R6.

Ferdinand Krauss se reisjoernaal is gegrond op 'n dagboek, wat hy van 1836 tot 1840 bygehou het. Hy is gebore in Stuttgart in 1812, het in Tübingen en Heidelberg in natuurwetenskap gestudeer en het assistent geword van die beroemde Baron von Ludwig in Kaapstad. Hy het 'n grondige studie gemaak van die stad en omgewing, daarna oorland na Port Elizabeth gereis en per boot na Natal gegaan. In 1840 was hy terug in Europa, waar hy later direkteur van die natuurhistoriese museum in Stuttgart geword het. Hy is in 1890 oorlede.

Ons kan nie sê dat Krauss 'n geanimeerde skrywer is nie en dit is duidelik dat hy geen sin vir humor gehad het nie. Daarenteen is hy 'n opmerklik grondige waarnemer en 'n hartstogtelike versamelaar. Ons verneem tot in besonderhede baie wetenswaardighede oor die lewe en omstandighede aan die Kaap, soos die lewe van die veeboere in die Karoo, iets waaroor daar nie te veel inligting beskikbaar is nie, oor wyne van Constantia, blomme aan die Kaap, wild, plaasprodukte, rotsformasies, diere, maar ook soutwen by Uitenhage en die betaling-sisteem van werkvolk.

Krauss het gesoek na steenkool in die Drakensberg en was saam met 'n Boeredeputasie na Panda. In Natal alleen het hy 585 nuwe plante ontdek. Dis

interessant om sy inligtings oor plase en hul bewoners te vergelyk met wat ander skrywers daarvoor te vertel het. Hy het oog vir natuurskoon, al is dit hoofsaaklik vanuit 'n wetenskaplike standpunt, en sy besoek aan Swellendam, George, die Kangogrotte en Knysna word in besonderhede meegedeel. Sy noukeurige waarneming van diere en voëls laat ons vandag weer eens besef hoe min van dit alles eintlik oorgebly het.

Dr. Spohr het baie dagboeke en reisverhale in Duitsland opgespoor, o.a. oor Wagner, Lichtenstein, en nou weer van Krauss. All hierdie studies is uiters belangrike bydraes tot ons kennis van die geskiedenis sowel as die kulturele en sosiale omstandighede aan die Kaap. Juis deur sy oorfloed van besonderhede is hierdie reisjoernaal van Krauss 'n welkome aanvulling op ons kennis van die Kaap en Natal in die tweede kwart van die vorige eeu.

F. G. E. Nilant  
Universiteit van Pretoria

G. W. S. Barrow: *The Kingdom of the Scots, Government, Church and Society from the eleventh to the fourteenth century*. Londen, Edward Arnold, 1973. Pp. 404, bibl.

'n Studie van die Middeleeuse geskiedenis bly belangrik, al word in Suid-Afrika relatief weinig aandag daaraan bestee. Sonder 'n kennis van die Middeleeue is dit bv. onmoontlik om die opkoms van die Absolutisme of die staatkundige hervormings van Napoleon te begryp. Daarom is dit goed dat daar steeds nuwe werke oor hierdie belangrike tydperk verskyn.

Hoewel Barrow 'n minder belangrike aspek van die Middeleeue aanraak, verdien sy werk aandag. In drie afdelings behandel hy die aard en struktuur van die Skotse regering, kerk en samelewing uitvoerig.

Barrow het met sy boek ongetwyfeld heelwat tot die historiese wetenskap bygedra. Hy werp nuwe lig op talle sake wat voorheen nog duister was, soos bv. die aard van allerlei ampte (shire, thane, judex), die presiese grenslyne tussen Engeland en Skotland en die aandeel van verskillende kloosterordes in die kerklike geskiedenis.

Tog is daar 'n belangrike leemte in sy werk. Hy bring die Skotse geskiedenis nie in verband met die breër wêreldgeskiedenis nie. Hoewel Skotland nie veel invloed op Engeland of Europa uitgeoefen het nie, was die teenoorgestelde wel die geval. Hy wend geen poging aan om 'n verband te lê tussen die investituurstyd in Skotland en die res van die wêreld nie. Die einde van die investituurstyd in Engeland in 1106 word nie eens genoem nie. Ook in die res van die werk val hierdie gebrek op.

Vir die meeste Suid-Afrikaanse historici sal hierdie boek nie opspraakwekkend wees nie, juis omdat so 'n relatief onbelangrike tema redelik geïsoleerd behandel word. Ten spyte hiervan is dit op sy gebied 'n belangwekkende bydrae, en persone wat spesifiek in die Skotse Middeleeue belangstel, kan dit nie ignoreer nie.

Leopold Scholtz  
Randse Afrikaanse Universiteit

P. J. Coertze (ed.): *Gebeure en Ontwikkelinge in Afrika*. H.A.U.M., Cape Town, 1974, pp. 288, R6,50.

This fine book in cloth contains thirteen chapters dealing with different aspects of old and new Africa. The contents is the result of a number of lectures delivered in 1971 at the University of Pretoria. The contributors are members of staff and other outside authorities in their field. The University of Pretoria should be

congratulated on this approach and achievement because during 1970 they held a similar course of which the results were published in 1973 in a book called *Suid-Afrika binne Afrika-verband*.

The various chapters in *Gebeure . . .* all contain a separate bibliography, are of a quite different length, include tables, sub-headings and appendixes. But there is a single, poor, useless map on p. 103, no register and the proofs were badly read. One also would have preferred an introductory note explaining more about the general approach, containing some kind of resumé and at least linking up the chapters in some way.

The authors mostly refrained from expressing personal views and have relied heavily on the ideas in an factual statements of the works consulted. Nevertheless the book will be handled fruitfully by students interested in historical and other aspects of the African continent.

There is a chapter on Asian influence (F. J. Spies), discoveries (A. P. J. van Rensburg), the forming of the Afrikaner (P. J. Coertze), historiography on Africa (A. P. J. van Rensburg), Western powers (W. J. Breytenbach), constitutional development (C. F. Nieuwoudt), agricultural problems (A. J. Raubenheimer), stock-farming aspects (J. Bonsma), labour (P. J. van der Merwe), education (R. D. Coertze), missionary work (C. W. H. Boshoff), demography (P. Smit) and development tendencies (R. D. Coertze). All this is most certainly an entertaining variety but it does not necessarily lead us somewhere. In a way the problem is solved in this sense that individual contributors have come to some conclusion — pp. 94, 149, 227 — but it is not sufficient.

On the other hand, excellent use have been made of quotations and figures from authoritative sources. From that angle too, the reader can rest assured that the information is correct and reliable. The authors have also greatly succeeded in stressing the new, more scientific approach when it comes to studies dealing with Africa. During the sixties, popular journalist writers, political know-alls and biased philanthropists almost dominated the scene. They have greatly harmed Africa and undermined true scholarship.

At least, *Gebeure . . .* too will help clear up some uncertainties and sheer nonsense concerning Africa.

M. J. Swart  
University of Port Elizabeth

Dickason, G. B.: *Irish Settlers to the Cape, History of the Clanwilliam 1820 Settlers from Cork Harbour*; pp. XII, 114, ill. Kaapstad, A. A. Balkema, 1973. R7,50.

Ongunstige ekonomiese omstandighede in Engeland na die Napoleontiese oorloë en pogings om 'n aantal boere in die Suurveld van die Oostelike Kaap-provinsie te plaas om as buffer teen Xosa-invalle te dien, kan as twee van die belangrikste redes beskou word vir die koms van die 1820 Setlaars. Dit is 'n deel van ons geskiedenis waaroor inligting dikwels skaars en verward is en waarvan veel gegewens verniel is.

In hierdie boek word tot in besonderhede nagegaan wat die omstandighede en die lot was van vier groepe immigrante wat van Cork in Ierland geseil het. Twee skepe het hulle vervoer: *East Indian* en *Fanny*. Hierdie mense was nie almal Iere nie, maar as gevolg van 'n aanbeveling om die verskillende groepe van herkoms uitmekaar te hou, het Donkin hierdie vier groepe in die omgewing van die huidige Clanwilliam laat plaas. Hier het hulle in koue en gure Junieweer

in tente gelewe. Dis begryplik dat, toe die geleentheid hom voorgedoen het om oorgeplaas te kan word na die Oostelike Kaap, die meeste met graagte van die verandering gebruik gemaak het. Maar 'n klein aantal het agtergebly; in 1825 was daar nog 12 families oor. Hierdie mense en hul nakomelinge is opgeneem in die kerk en samelewing en het die taal van die gebied hul eie gemaak.

Ook in die Ooste het dit egter nie voor die wind gegaan nie. Jaar na jaar het roes die graan aangetas, gevolg deur die oorstromings van 1824. Eers nadat die Britse regering, wat aanvanklik gemeen het om met £12.10/- (R25) per persoon te kan volstaan, sy beleid totaal verander het, nuwe wets- en administratiewe reëlins getref het, skuld kwytgeskel is en meer handel met die Bantoes toegelaat is, is moontlikhede vir 'n gunstiger bestaan vir die setlaars geskep.

Die skrywer, 'n vooraanstaande besigheidsman van setlaar-afkoms, het 'n oop en nugtere benadering van die verskillende mening en gebeurtenisse. Die vestiging van setlaars in 'n gebied beteken onvermydelik vestiging van Britse gesag, iets wat die beleid van lord Charles Somerset uitstekend van pas gekom het. Wanneer 'n regering dwars teen alle belange in sy eie gesag op 'n samelewing probeer afdruk, gee dit onvermydelik aanleiding tot verset, ook in die Kaap het dit gebeur. Dit was 'n fout om grondtoewysing aan die groepleiers oor te laat en dit het baie struweling veroorsaak.

Die skrywer het ruim gebruik gemaak van die herinnerings van 'n kleurryke immigrant, John Montgomery. Hy probeer nagaan uit wie die verskillende groepe nou eintlik werklik saamgestel was. Party toekomstige immigrante het voor hul vertrek teruggetrek en dikwels het ander onder hul naam gereis. Vandag is dit uiters moeilik om na te gaan wie party immigrante nou eintlik werklik was.

Daar is 'n kort biografie van elke setlaar. In 'n uitgebreide bylaag word die persoon en lewe van Robert Dickason geskets: hoe hy sy eie huis gebou het en meubels van die beste kwaliteit gemaak het. 'n Tipe mens wat deur sy karakter en lewenshouding eerbied afdwing in elke samelewing.

Die boek is 'n welkome en baie deeglike toevoeging tot die nog betreklik skamele literatuur oor die 1820-Setlaars. Dis nie net belangrik omdat grondig ingegaan is op 'n kleiner groep nie, maar veral ook om die historiese verantwoordelike benadering waarmee die feite en probleme beskryf is.

F. G. E. Nilant  
Universiteit van Pretoria

Anthony Tuck: *Richard II and the English Nobility*. Londen, Edward Arnold, 1973. Pp. 255, bibl.

'n Koning of vors in die Middeleeue het gewis geen maklike taak gehad nie. Sommige vorste het wel meer mag as ander gehad, maar dit was altyd deur die feodale struktuur van die samelewing beperk. Daar moes altyd met die adel rekening gehou word. Soms het bepaalde vorste hul mag ten koste van die adel probeer uitbrei, en meestal het dit tot allerlei moeilikhede aanleiding gegee. So 'n vors was koning Richard II van Engeland, wat van 1377 tot 1399 geregeer het. As gevolg hiervan het hy al hoe meer in onguns geraak en is hy ten slotte van sy troon afgesit.

Hierdie proses word op deeglike wyse deur Anthony Tuck, lektor in die Geskiedenis aan die Universiteit van Lancaster, beskryf. In sewe hoofstukke skilder hy Richard se magstrewes en die groeiende verset onder die edelliede. In die eerste hoofstuk beskryf hy hoe Richard se vader, Edward III, toegelaat het dat die adel 'n kragtige faktor in die Engelse politiek word. Daarna word



Richard se troonsbestyging en sy eerste regeringsjare behandel. Hoofstukke 3 tot 6 is gewy aan sy geslaagde pogings om die adel se invloed te beperk, laasgenoemde se groeiende ontevredenheid en die lang reeks botsings tussen die twee partye. In die laaste hoofstuk word Richard se toenemende despotisme en ten slotte sy afsetting beskryf.

Tuck se werk, wat oorspronklik sy D.Phil.-proefskrif was, slaag daarin om 'n goeie beeld van die stryd te ge. Hy werp nuwe lig op Richard se regeringsmetodes en betrek relevante sake soos die oorlog teen Frankryk by sy verhaal, sonder om van die tema af te wyk. Richard word uitgebeeld as 'n bekwame onderhandelaar wat goed daarin kon slaag om verskillende groepe teen mekaar af te speel, maar wat in sy latere lewe al hoe meer tirannieker geword het.

Tuck skryf nie besonder vlot nie, maar dit behoort 'n liefhebber van die Engelse Middeleeue nie veel te verhinder nie. Die boek is goed gebind en versorg. Veral studente wat belangstel in die stryd tussen vors en adel as voorspel tot die ontstaan van die Absolutisme in Europa en die demokrasie in Brittanje kan aangeraai word om die boek te koop.

Leopold Scholtz  
Randse Afrikaanse Universiteit

G. S. P. Freeman-Grenville: *Chronology of African History*. Oxford University Press. London, 1973. 312 pp. Prys R11,00.

Die opstel van chronologieë as 'n hulpmiddel vir die historikus plaas die samesteller daarvan soms voor groot probleme. Waar ons hier met 'n chronologie van Afrika te make het, was die skrywer se grootste probleem juis die presiese datering van gebeurtenisse — en dit vanweë die feit dat die vasteland se bewoners tot betreklik laat in die geskiedenis skrifloos was en hulle mondelinge oorleweringe nie van datering volgens 'n bepaalbare kalendriese beginsel gebruik gemaak het nie. Daarbenewens neig van die vroegste Portugese en ander Europese bronne soms tot weerspreking van mekaar. Metodes moes dus gevind word om hierdie probleem die hooft bied en te oorbrug.

Afgesien van 'n ontleding van die tekortkominge wat mondelinge tradisie in die opsig vir die chronologie inhou, kom die samesteller nie met 'n oplossing vir die probleem van datering nie. Die leser is hoogstens van hierdie vraagstuk bewus gemaak. Die primêre doel was die daarstelling van 'n chronologie om die gemis wat studente van Afrika in vergelyking met hulle kollegas op die terreine van bv. die Europese geskiedenis en die van die Islam met hulle talryke hulpmiddele gevoel, aan te vul.

Die stof word in kolomme, gegrond op geografiese streke en onderskeibare tydvakke aangebied. Afgesien van die kolomme wat op Afrika as sodanig van toepassing is, word 'n addisionele kolom voorsien waarin feite wat in 'n spesifieke verband met Afrika staan, vervat is. Dit bring waardevolle perspektief en sin aan 'n andersinds suiwer Afro-sentriese chronologie. Namate kennis en gedokumenteerde gegewens oor Afrika toeneem, word die aantal kolomme van drie na ses vermeerder. Die werk omspan 'n wye reeks temas soos antieke woonplekke en migrasies, koningshuise en dinastieë, moderne heersers, traktate, konvensies, ooreenkomste en ontwikkelinge op sosiale, ekonomiese, politieke, onderwys, godsdienstige, landboukundige vlakke asook die terrein van die kommunikasie.

Dit spreek vanself dat foute in so 'n wyduiteenlopende veld kon insluip. So word die Afrikaanse woord kultuur bv. deurgaans "kultur" gespel en moet Okashati eerder Oshakati lees. Kritiek kan teen die Afro-sentriese kleur van

die werk ingebring word en lesers wat twyfel oor die geloofwaardigheid van stof, kan dit altyd in ander bronne kontroleer. Die chronologie is op sekondêre bronne gebaseer en die skrywer gee toe dat hy nie elke gegewene aan 'n primêre bron getoets het nie. Hoewel die nut van sodanig saamgestelde chronologie bevraagteken kan word lê die betekenis van die werk daarin dat 'n bruikbare handleiding nou tot beskikking van die student van Afrika is.

F. J. Nöthling  
Universiteit van Suid-Afrika

G. J. Schutte, *De Nederlandse Patriotten en de koloniën, Een onderzoek naar hun denkbeelden en optreden 1770-1800, With a summary in English*, proefschrift Rijksuniversiteit Utrecht, geen plaats, 1974, 272 pp.

Dr. G. J. Schutte heeft onder Zuidafrikaanse historici reeds bekendheid verkregen door zijn artikelen over contacten tussen Zuid-Afrika en Nederland, onder meer *De Hollanders in Krugers republiek, 1884-1899*, Mededelingen van die Universiteit van Suid-Afrika C 63, Pretoria 1968 (123 blz.). Zijn proefschrift is een bijdrage tot het groeiende aantal Nederlandse werken, welke de Patriotten ernstig nemen, en zich in hun denkbeelden en prestaties verdiepen. Tot in onze eeuw hebben de meeste Nederlandse historici hen met meewaardigheid beschouwd. De geschiedenis is de Patriotten ongunstig geweest. Zij gaven de slotakkoorden aan van de geminachte 18de eeuw, de "pruikentijd". Hun eerste bewindsovername in 1786 eindigde spoedig door inmenging van Pruisen en hun tweede bewind (1795-1806) kampte met tegenspoed wegens de rampspoedige oorlog met Britannië en de resulterende economische depressie. Hun onderlinge ruzies onderstreepten hun machteloosheid. De ontuchtering was groot en doofde hun hervormingsdrang. Zonder protest of met applaus begroeten zij de terugkeer der eertijds verfoeide Oranjes in 1813.

In de Nederlandse geschiedschrijving van na de tweede Restauratie (1813) deelden zij in de geringe achting voor de 18de eeuw. Ten onrechte werden zij min of meer verantwoordelijk gesteld voor het verlies der feitelijke onafhankelijkheid in 1794/5 en der welvaart in de volgende oorlogsjaren. De democratische geest van onze tijd (na 1945) betoont aan de Patriotten als demokraten meer waardering. Men bespuert dat in de algemene werken van P. Geyl en J. Romein en in het toenemende aantal monografieën over Patriotten, bijvoorbeeld Dirk van Hogendorp, Daendels, I. J. A. Gogel en J. Goldberg.

Schutte behandelt een onderwerp, dat voor de Patriotten slechts van zeer bijkomstig belang was, maar voor onze tijd van dekolonisatie en idealen van vrijheid en gelijkheid van primair belang. Hij beschrijft het ontwaken van de belangstelling voor het welzijn der koloniale bevolking, te weten de blanke bovenlaag en in merkbaar mindere mate de overheerste, gekleurde bevolking, in Nederland onder invloed van de Verlichting en van Romantische waardering voor de nietbestaande edele wilden overzee. In Patriottenkringen leidde dit ontwaken tot kritiek op het Mercantilistische monopoliebeleid der Oost- en West-Indische Compagnieën en tot pleidooien voor meer rechten voor de blanke en gekleurde bevolking in de koloniën en voor afschaffing van de slavenhandel en slavernij.

Hij beklemtoont echter het bijkomstige en theoretische van deze Patriotse denkbeelden. Zij hadden immers hoofd en handen vol met het hervormen van het gebrekkige Nederlandse staatsbestel en dat in een stormachtige tijd van Revolutie, oorlog en snel verminderende welvaart. Dat was een heel slechte tijd voor ingrijpende hervormingen van de koloniën, waarmee de verbindingen

wegens de oorlog bovendien zeer moeilijk waren. Slechts terloop gaven de Patriotten als nieuwe regeerders dan ook aandacht aan de koloniale vraagstukken. Even terloops en oppervlakkigers is de aandacht der meeste latere historici voor de koloniale denkbeelden der Patriotten geweest. Wat de Kaapkolonie betref hebben Zuidafrikaanse historici als. C. Beyers, P. J. van der Merwe, S. D. Naude, en A. H. Murray meer over hun al dan niet vermeende invloed dan Nederlanders gepubliceerd.

In de hoofden van de meeste Patriotten waren Mercantilistische denkbeelden van het "pacte colonial", fysiocratische en liberalisme voor ons begrip wonderlijk vermengd. Als het op ingrijpende hervormingen aankwam, schrokken de meesten daarvoor terug. Dat gold voor de eerste machtsperiode 1785-87, toen de protesten der Kaapse Patriotten in Nederland wel sympathie bij de Nederlandse ontmooeten, maar heel weinig uitwerkten, en voor hun tweede machtsperiode 1795-1800. Weliswaar verdwenen de geotrooieerde West- en Oost-Indische Compagnieën, maar in de eerste plaats omdat zij financieel bankroet waren, minder om hun beginsel. De koloniën moesten zelfbestuur krijgen, verkondigden de Patriotten, maar het moederland blijven dienen met hun produkten en als afzetmarkt: het oude "pacte colonial" bleef, hoewel in verzachte vorm. In verband daarmee stelden zij de opheffing der slavernij tot onbepaalde datum uit, want deze zou de koloniale produktie en uitvoer benadelen. Met het verstrekken van democratische rechten aan de Gekleurde bevolking in de koloniën wilden zij slechts heel langzaam en voorzichtig te werk gaan.

De schrijver eindigt het besproken tijdvak met het jaar 1800; de verklaring van dat jaar is, dat omstreeks die tijd alle radikale Patriotten door gematigde waren weggewerkt. De volgende fase was die der bedrijvigheid van de gematigden in de Kaapkolonie, welke door Zuid-Afrikanen is behandeld.

De slotzin van het Engelse summary luidt: "The effects of the Enlightenment ideals on the colonial policy of the 'Patriotten' at the time of their greatest influence cannot . . . be considered particularly radical. The explanation may be found partly in the inconsistencies present in that way of thinking, partly in the inability of the 'Patriotten' to pursue a clearly defined policy of their own under unfavourable circumstances, and above all in their clinging to the possession of colonies for the benefit of Dutch prosperity." (p. 223).

Ondanks de geringe uitwerking van Patriotse denkbeelden op de koloniën in de Franse tijd zijn zij van betekenis voor de tijd na 1813, toen de Restauratie in Nederland daarop heeft voortgebouwd.

De hoofdwerken der Patriotten zeggen weinig of niets over het koloniale vraagstuk. Schutte heeft zijn materiaal bijna geheel uit tijdschriftartikelen en pamfletten geput. Hij wijdt enige bladzijden aan de betekenis der Vrijmetselarij onder de Patriotten, welke hij beperkt noemt. Hij wijdt een afzonderlijk hoofdstuk (IV, p. 60-87) aan de Kaapse Patriotten. Hij betwijfelt hierin C. Beyer's mening, dat de geïsoleerde grensboeren, die zich tegen de Compagnie verzetten, Patriotten waren met dezelfde geest als de meer ontwikkelde Kaaplanders in en bij Kaapstad. Hij waarschuwt terecht tegen overschatting van de invloed der Verlichting en der Nederlandse Patriotten op het verzet der Kaaplanders tegen de Compagnie; dat verzet was veel ouder dan de Verlichting. Zoals gezegd volstonden de Nederlandse Patriotten met vage sympathie voor de Kaaplanders.

Dr. G. J. Schutte heeft een uitstekend gedokumenteerd, levendig en boeiend werk geschreven, dat ook voor Zuid-Afrikanen van betekenis is.

C. de Jong  
Universiteit van Suid-Afrika

John Briggs & Ian Sellers: *Victorian Nonconformity. Documents of Modern History*, Edward Arnold, Londen, 1973.

Hierdie werk is deel van Edward Arnold se reeks waarin dokumente wat op die Moderne Geskiedenis betrekking het, gepubliseer word. Nonkonformisme was 'n belangrike verskynsel in die Britse samelewing in die 19de eeu. Die gevestigde Anglikaanse orde in Brittanje het hulle afkeur in die Dissenters probeer uitdruk in nie-vleiende byvoeglike naamwoorde soos „ignorant, drab, provincial and depressing”. Dat die Dissenters egter groot invloed in Brittanje uitgeoefen het, blyk uit die feit dat dit hoofsaaklik hulle was wat vir sulke belangrike maatreëls soos die Reform Bill van 1832 in die afskaffing van slawerny in die Britse Ryk in 1834 verantwoordelik was.

Die doel van hierdie bundel dokumente is om vir die leser 'n dieper insig te gee in die lewenswyse en sieninge van die Nonkonformiste. Daarom is die dokumente saamgegroeper onder sulke opskrifte soos die lewensverloop en lewenswyse van 'n tipiese verteenwoordiger van die Dissenters, die Nonkonformiste se houding teenoor die kerk, die samelewing, die kultuur, die Staat en die wêreld. Dit vorm 'n interessante stuk leesstof en skep 'n lewende beeld van die deursnee Dissenter lewenshouding en lewensfilosofie veral omdat gebruik gemaak word van dokumente soos notules, biografieë, koerantartikels en ander wat nie maklik toeganklik is nie.

By die lees van die dokumente word 'n mens getref deur interessante paralelle nie net met die lewenswyse en lewenshouding van 'n groot groep van die Engeltalige bevolking in die neëntiende eeuse Kaapkolonie nie, maar ook deur die ooreenkomste en verskille tussen die Nonkonformiste en die Afrikaner van die neëntiende eeu en besef 'n mens dat albei se geestelike wortels in die Hervorming gesetel is.

P. H. Kapp  
Randse Afrikaanse Universiteit